

Simunye Mines Bpk ('Simunye') is 'n globale edelmetaalmyngroep wat op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer is. Die groep myn 'n verskeidenheid metale wat platinumgroepmetale (PGMe) en goud asook verwante produkte insluit. Die hoofkantoor is in Suid-Afrika geleë. Simunye besit en bedryf bates deur middel van verskeie filiale oor Suid-Afrika heen. Die groep het ook PGM-bedrywighe in die Verenigde State van Amerika (VSA).

Die groep se finansiële jaareinde is 30 Junie.

1 Groepresultate vir FJ2020

Simunye is geraak deur afnames in kommoditeitspryse, wat tot winsdruk en 'n dalende aandeelprys gelei het. Die groep se direkteure het hul kommer uitgespreek oor Simunye se likiditeit, aangesien kontant slegs gegenereer kon word deur eksterne befondsing te verkry en deur beleggings te verkoop, eerder as deur intern gegenereerde kontantvloei.

Simunye het in die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2020 (FJ2020) 'n netto verlies na waardedalings van R2 521 miljoen (FJ2019: R4 433 miljoen verlies) gely. PGM-bedrywighe in die VSA was verantwoordelik vir nagenoeg die helfte van die groep se VVRBWA (Eng.: 'EBITDA') in FJ2020.

Ondanks 'n relatief onveranderde (Eng.: 'flat') gemiddelde jaar-tot-jaar-goudprys in randwaarde, het die uitwerking van veiligheidsvoorvalle (bv. mynwerkers wat gedurende kragonderbrekings ondergronds vasgekeer was) en langdurige stakings veroorsaak dat produksie uit die goudbedrywighe met 7 034 kg afgeneem het. Dit het daartoe gelei dat die VVRBWA van die goudbedrywighe met 74% tot R1 362 miljoen afgeneem het.

Gegewe die onderprestasie van die goudbedrywighe oor die afgelope paar jaar, is bestuur besorg oor die feit dat daar deurlopend staatgemaak word op die PGM-bedrywighe, aangesien die goudbesigheid se waarde erodeer en druk op die groep se likiditeit plaas. Bestuur oorweeg dus om in gesprek met sleutel vakbonde te tree om die goudbedrywighe te herstruktureer.

2 Finansieringsaktiwiteite

Simunye het op 6 Oktober 2019 aangekondig dat die groep sy kredietfasiliteit herfinansier het. Die nuwe fasiliteit was R60 000 miljoen, 'n toename vanaf R35 000 miljoen. Die nuwe kredietfasiliteit vervang die ou kredietfasiliteit wat op 23 Februarie 2020 sou verval het. Die skuldvoorwaardes is egter nie in die herfinansieringsvoorwaardes gewysig nie. Die skuldvoorwaardes is soos volg:

- 'n Netto skuld-tot-gerapporteerde-VVRBWA-verhouding van 3,5 : 1 of minder tot en met 30 Junie 2021 (daarna moet die verhouding 2 : 1 of minder wees), en
- 'n rentedekkingsverhouding (gerapporteerde VVRBWA tot netto finansieringskoste) van ten minste 2 : 1.

Simunye se skuld-tot-VVRBWA-verhouding was op 30 Junie 2020 2,5 : 1, die rentedekking was 4,9 en die groepleninge het R33 769 miljoen beloop (FJ2019: R25 206 miljoen en FJ2018: R7 221 miljoen).

Simunye se dividendbeleid was in die verlede om minstens 25%, maar op tot 35%, van verdienste aan aandeelhouers uit te betaal. Die groep het gedurende die jaar onder oorsig nie 'n dividend verklaar of betaal nie.

3 Lopende-saakassessering

Simunye se gekonsolideerde finansiële state is in ooreenstemming met International Financial Reporting Standards (IFRSs) voorberei. Die direkteure het aangedui dat hulle van mening is dat die groep voldoende hulpbronne het om vir die afsienbare toekoms as 'n lopende saak te kan voortgaan.

Om 'n potensiële verbreking van die verhoudings wat deur die skuldvoorwaardes voorgeskryf word en wat spruit uit die gevolge van 'n staking in die goudbedrywigheide te akkommodeer, sal Simunye moontlik 'n tydelike wysiging in die skuldvoorwaardes moet versoek. Hierdie wysiging sal daarvoor voorsiening moet maak dat geen skuldvoorwaarde-maatreël in FJ2021 plaasvind nie. Geen ooreenkoms is egter tot dusver bereik nie.

Lopende-saakvooruitskattings vir Simunye Motorised Services (Edms) Bpk ('SMS')

Die Simunye-groep sluit onder andere SMS in, wat 'n volfiliaal is wat mynboutrokke en gemotoriseerde toerusting vervaardig en verskaf. SMS het nie in die moeilike handelstoestande goed presteer nie en het in FJ2020 'n verlies voor belasting getoon.

Die vooruitskattings vir FJ2021, FJ2022 en FJ2023 is opgestel deur die finansiële bestuurder vir hersiening deur die direkteure, om te bepaal of SMS voldoende hulpbronne sal hê om bedrywigheide vir die volgende 12 tot 36 maande voort te sit. Verduidelikings en aannames vir die vooruitskatting word hieronder verstrek, maar dit is onseker of hierdie aannames volledig en akkuraat is. Die finansiële bestuurder het ook 'n opsomming van die vooruitgeskatte winsgewendheid en finansiële posisies van SMS verskaf. Al die optellings in die inligting hieronder verstrek is korrek.

Winsgewendheid – SMS	Aant.	Werklik 2020 R miljoen	Vooruit- skatting 2021 R miljoen	Vooruit- skatting 2022 R miljoen	Vooruit- skatting 2023 R miljoen
Inkomste	a	11 302	12 206	13 426	15 038
Koste van verkope		(9 775)	(10 436)	(11 345)	(12 481)
Bruto wins		1 527	1 770	2 081	2 557
Buitelandse-valutawins	b	224	250	250	250
Ander bedryfsinkomste	c	193	220	255	300
Bedryfsuitgawes	d	(1 572)	(1 666)	(1 750)	(1 837)
VVRWDA		372	574	836	1 270
Waardevermindering		(178)	(193)	(194)	(203)
Waardedalings		(65)	–	–	–
Wins uit bedryfsaktiwiteite		129	381	642	1 067
Jaarlikse verandering in inkomste	e	(13,2%)	8,0%	10,0%	12,0%
Bruto winsmarge	e	13,5%	14,5%	15,5%	17,0%
Jaarlikse verandering in bedryfsuitgawes	e	7,7%	6,0%	5,0%	5,0%
VVRBWA-marge	e	3,3%	4,7%	6,2%	8,4%

Kontantvloeï vooruitskattings – SMS	Aant.	Werklik 2020 R miljoen	Vooruit-skatting 2021 R miljoen	Vooruit-skatting 2022 R miljoen	Vooruit-skatting 2023 R miljoen
Wins uit bedryfsaktiwiteite		129	381	642	1 067
Aansuiwerings vir:					
Waardevermindering		178	193	194	203
Waardedalings		65	–	–	–
Wins met verkoop van eiendom		(17)	(88)	–	–
Ander niekontantitems		(19)	3	7	6
Rente-inkomste		12	14	14	17
Finansieringskoste		(335)	(358)	(338)	(300)
Belasting betaal	f	(9)	(10)	(89)	(220)
Veranderinge in bedryfskapitaal					
Voorraad		(282)	(147)	(212)	62
Handels- en ander rekeninge ontvangbaar		(34)	(4)	64	(131)
Vooruitbetalings		(6)	(5)	(3)	(5)
Handels- en ander rekeninge betaalbaar		(57)	145	317	389
Uitgestelde inkomste		65	35	41	55
Kontant gegengereer deur bedrywighede		(310)	159	637	1 143
Aankoop van aanleg en toerusting	g	(198)	(220)	(250)	(280)
Verkoop van aanleg en toerusting	g	32	150	–	–
		(476)	89	387	863
Rentedraende laste aangegaan		535	179	–	–
Rentedraende laste terugbetaal		(275)	(5)	(250)	(500)
Bankoortrekking		24	(198)	–	–
Dividende betaal	h	–	–	(200)	(220)
Netto verandering in kontant en kontantekwivalente		(192)	65	(63)	143
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar		376	184	249	186
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar		184	249	186	329

Finansiële posisie – SMS	Aant.	Werklik 2020 R miljoen	Vooruit- skatting 2021 R miljoen	Vooruit- skatting 2022 R miljoen	Vooruit- skatting 2023 R miljoen
Eiendom, aanleg en toerusting		1 329	1 294	1 350	1 427
Ander niebedryfsbates		578	578	578	578
Voorraad	i	5 857	6 004	6 217	6 155
Handels- en ander rekeninge ontvangbaar		1 396	1 400	1 336	1 468
Vooruitbetalings		48	52	55	60
Kontant en kontantekwivalente		184	249	186	329
Totale bates		9 392	9 577	9 722	10 017
Ekwiteit		3 651	3 676	3 706	4 050
Rentedraende lenings	j	3 326	3 500	3 250	2 750
Uitgestelde inkomste	k	380	415	456	511
Uitgestelde belasting		46	46	46	46
Handels- en ander rekeninge betaalbaar		1 713	1 858	2 176	2 565
Voorsienings		78	82	88	95
Bankoortrekking		198	–	–	–
Totale ekwiteit en laste		9 392	9 577	9 722	10 017

Aantekeninge by die vooruitskattings

- SMS se belangrikste kliënte is in die myn- en konstruksie-industrieë. Albei hierdie industrieë het die afgelope ruk swaar gekry weens die impak van Covid-19, onbestendige kommoditeitspryse, stygende direkte arbeidskoste, onsekerheid oor regeringsbeleid, ens. SMS verwag dat handelstoestande in FJ2021 sal verbeter en dat inkomstegroei in FJ2023 tot 12% sal verbeter.
- SMS voer 'n sekere reeks masjinerie vir herverkoop in. SMS se tesourie-afdeling was in die verlede baie suksesvol wat die voorspelling van valutabewegings betref en het gereeld wins gemaak deur in buitelandse valuta handel te dryf. Bestuur verwag dat dit in die afsienbare toekoms sal voortduur.
- SMS verkoop verlengde waarborge (vir termyne langer as 12 maande) vir die meeste van die produkte in hul reeks. Inkomste uit hierdie waarborge word as ander bedryfsinkomste erken. Daar is geen ander bronne van ander bedryfsinkomste nie.
- Daar word beraam dat bedryfsuitgawes in FJ2021 met 6% sal toeneem en daarna met 5% per jaar, wat die verwagte inflasiekoers in Suid-Afrika is.
- Hierdie verhoudings is korrek bereken.
- SMS het op 30 Junie 2020 'n belastingverlies van R120 miljoen beskikbaar gehad wat teen toekomstige belasbare inkomste verreken kan word; om konserwatief te wees, is die belastingverlies nie in ag geneem by die kontantvloeivooruitskatting nie. Vooruitgeskatte belasting is as 28% van wins voor belasting bereken.
- SMS sal aanhou om in aanleg en masjinerie te belê om te verseker dat hul vervaardigingsbedrywighede wêreldwyd mededingend bly.
- SMS verwag dat die betaling van dividende in FJ2022 hervat sal word namate winsgewendheid verbeter.

- (i) SMS plaas 'n sterk fokus op die vermindering en bestuur van voorraadvlakke aangesien voorraad in terme van waarde 'n belangrike bate op die staat van finansiële posisie is. SMS verwag om voorraaddae teen FJ2023 tot 180 te verminder (gebaseer op jaareindsaldo's).
- (j) Rentedraende lenings is gesekureer deur 'n pand oor voorraad en handels- en ander rekeninge ontvangbaar, asook 'n waarborg deur Simunye. SMS hoop dat sy bankiers sal voortgaan om die maatskappy se omkeerstrategie (Eng.: 'turnaround strategy') en -aksies, en die maatskappy se planne om skuldvlakke oor die volgende paar jaar geleidelik te verminder, te ondersteun.
- (k) Uitgestelde inkomste hou hoofsaaklik verband met die waarborginkomste wat vooruit ontvang word, en oor die tydperk van die waarborge erken word.

4 Waardasie van SMS

Die direkteure van Simunye oorweeg om SMS te verkoop om hul kern mynbedrywighede te befonds.

Hulle het aangedui dat hulle SMS soos op 30 Junie 2020 graag sou wou waardeur deur van die verdiskonteerde kontantvloeiemethode, gebaseer op die vooruitgeskatte inligting hierbo verskaf, gebruik te maak. Tersaaklike inligting vir die waardasie is soos volg:

- Koste van ekwiteit van 20%;
- Teiken skuld-tot-ekwiteit-verhouding van 1 : 1;
- Gemiddelde voorbelaste koste van skuld van 14%; en
- Die verwagting dat vrye kontantvloei na FJ2023 met 5% per jaar sal groei.

Maatskappye soortgelyk aan SMS is onlangs teen 'n 4 x VVRBWA-veelvoud verkoop.

5 FJ2020-oudit van die Simunye-groep

KPW Auditors ('KPW') is heraangestel as die ouditeure van die Simunye-groep en is besig met die jaareindoudit vir FJ2020.

Die onderstaande auditwerkspapiere is voorberei:

Beskrywing van werkspapier	Verwysing
Stelselbeskrywing: Betaalstaatstelsel vir mynwerkers se weeklikse lone vir alle mynbedrywighede	J-102
Oudit van salarisse en lone: Bedryfsdoeltreffendheid van weeklikse loonbeheermaatreëls	L-106
Ouditprosedures: Uittreksel uit aanspreeklikheid wat uit beroepsgesondheidsorg voortspruit	D-103

Kliënt: Simunye Mines Bpk	Jaareinde: 30 Junie 2020	J-102 Bladsy 1/2
Voorberei deur: L Castillo	Datum: 15 Mei 2020	
Nagesien deur:	Datum:	
Onderwerp: Stelselbeskrywing: Betaalstaatstelsel vir mynwerkers se weeklikse lone vir alle mynbedrywighede		

Agtergrond

Simunye het meer as 45 000 voltydse werknemers in diens, en daarom maak salarisse en lone 'n groot gedeelte van die groep se jaarlikse uitgawes uit. 'n Gekombineerde ouditbenadering is weereens gebruik om ouditbewyse rakende die salaris- en loontransaksieklas vir FJ2020 in te samel. Alle algemene kontroles by Simunye is getoets en daar is bevind dat dit doeltreffend werk.

Gedurende die ouditbeplanningsfase is Simunye se weeklikse loonproses soos volg opgesom:

Stelselbeskrywing

Simunye gebruik steeds *MyPay*, 'n Self (Eng.: 'in-house') ontwikkelde sagtewarepakket wat vir rekordhouding van alle werknemerdata, met inbegrip van mynwerkers se bywonings- en betaalstaatrekords, ontwikkel is.

1 Instandhouding van mynwerkers meesterlêer

Alle meesterlêeraansuiwerings word op voorafgedrukte, voorafgenommerde meesterlêer aansuiweringsvorme (MAVs) aangeteken. Die menslike hulpbronne (MH) -bestuurder berei MAVs voor en teken hulle vir vaslegging af. Nadat die ondersteunende brondokumente nagegaan is, word dit deur die Finansiële Direkteur gemagtig. Elke MAV moet onderteken word as bewys van die nasiening en magtiging. Daarna word die MAVs deur lede van die MH-departement op die *MyPay*-stelsel vasgelê. Die stelsel word deur streng toegangskontroles beheer.

Die MH-bestuurder gebruik elke jaar 'n besluit wat deur Simunye se direksie in verband met die persentasie loonverhogings vir elke loonklas goedgekeur is om die nodige MAVs voor te berei.

Alle meesterlêeraansuiwerings word outomaties en in nommervolgorde deur *MyPay* aangeteken, en die aansuiweringslog word toepaslik nagesien en deur die Finansiële Direkteur, wat ook volgorde-nasierings (Eng.: 'sequence checks') van die MAV-logs doen, onderteken.

2 Identifikasie van mynwerkers en tydhouding van ure gewerk

Biometriese duimaafdrukdata, wat per werknemer op Simunye se elektroniese werknemer meesterlêer gestoor word, word by elke mynslag gebruik. Toegang tot die optekening van die biometriese data op *MyPay* word deur middel van toepaslike logiese toegangskontroles beperk.

Weens die gevare inherent aan die mynomgewing, is daar slegs een toegangspunt waar mynwerkers by elke skag kan inkom/uitgaan. Wanneer 'n mynwerker by die mynslag inkom of uitgaan, skandeer 'n biometriese toestel sy/haar duimaafdruk voordat 'n draaihek geaktiveer word. Slegs een mynwerker kan op 'n slag inkom of uitgaan. Twee sekuriteitspersoneellede hou by die toegangspunt van elke skag toesig om onsuksesvolle pogings om in te kom of uit te gaan, waar te neem en ook om mynwerkers wat uitgaan waar te neem wanneer hulle deur 'n elektroniese x-straalskandeermasjien stap wat ontwerp is om diefstal van waardevolle items te identifiseer.

Kliënt: Simunye Mines Bpk	Jaareinde: 30 Junie 2020	J-102 Bladsy 2/2
Vorberei deur: L Castillo	Datum: 15 Mei 2020	
Nagegaan deur:	Datum:	
Onderwerp: Stelselbeskrywing: Betaalstaatstelsel vir mynwerkers se weeklikse lone vir alle mynbedrywighede		

Alle biometriese data word aan die *MyPay*-stelsel se tydreCORDmodule vir ure gewerk gekoppel, wat die datum, tyd en besonderhede van die skag waar die skandering plaasgevind het, opteken. Die stelsel bereken outomaties die ure wat elke dag deur elke mynwerker gewerk word.

3 Nasiening van mynwerkers se bywoning en goedkeuring van aangetekende ure

MyPay genereer op 'n weeklikse basis 'n 'inkom-en-uitgaan'-log vir elke skag. Hierdie gedetailleerde toegangslog word op 'n weeklikse basis deur elke skagbestuurder nagegaan en hulle volg onverklaarde aktiwiteite wat opgemerk is, tydig op. Die log sluit besonderhede van laat aankomstes, afwesige werknemers en onverklaarde verlating van die mynslag in.

Elke Vrydag word 'n 'totale-ure-gewerkskedule' vanaf *MyPay* gegenereer, wat normale ure en oortydure per mynwerker vir die week aantoon. Elke skagbestuurder keur die skedule goed deur dit te onderteken nadat dit vir die volgende onder die loep geneem is:

- Of daar data vir al die werknemers is;
- Of enige dae wat gemis is, ooreenstem met die biometriese logrekords wat deur die toegangstoestel gegenereer word; en
- Enige foutiewe of onverwagte ure opgeteken, soos lae ure, ure per week wat 45 (wat die gemiddeld vir die mynbedryf is) oorskry of hoër oortydure aangeteken.

Wat oortydure gewerk betref, bevestig elke skagbestuurder die geldigheid daarvan deur die ure wat deur hom gemagtig is voordat dit gewerk is, af te teken. Hy volg ook ongemagtigde ure wat aangetoon word op – met ander woorde daardie ure waarvoor daar nie voorafgoedgekeurde toestemming verkry was nie.

Kliënt: Simunye Mines Bpk	Jaareinde: 30 Junie 2020	L-106 Bladsy 1/1
Vorberei deur: O Hampton (eerstejaarleerling)	Datum: 8 Julie 2020	
Nagesien deur:	Datum:	
Onderwerp: Oudit van salarisse en lone: Bedryfsdoeltreffendheid van weeklikse loonbeheermaatreëls		
Beheermaatreël-area	Ouditprosedures om bedryfsdoeltreffendheid van sleutel beheermaatreëls te toets	
Instandhouding van mynwerkers meesterlêer	<div>1 Vir 'n steekproef van 15 MAVs –<ul style="list-style-type: none">inspekteer die handtekening van die MH-bestuurder, sowel as die datum waarop dit nagesien is, as bewys dat die beheermaatreël binne 'n redelike tydperk toegepas is;inspekteer die handtekening van die Finansiële Direkteur as bewys van haar nasiening en goedkeuring;indien dit met 'n loonverhoging verband hou, stem die inligting op die MAV ooreen met die notule van Simunye se direksievergadering waartydens die verhoging goedgekeur is; eninspekteer of die besonderhede van die nuwe loonverhoging op die MAVs ooreenstem met die personeellede se permanente lêerbesonderhede asook met hul loonstrokie.</div> <div>2 Gaan die sekvensiële nommering van die MAVs na, doen 'n uitsonderingsverslag vir ontbrekende nommers en volg dit op.</div> <div>3 Onttrek met behulp van datarekenaargesteunde ouditmetrieke 'n lys van duplikaat werknemername / ID-nommers van mynwerkers by Simunye.</div>	
Identifikasie van mynwerkers en tydreëls van ure gewerk	<div>1 Neem waar dat mynwerkers slegs toegang tot die mynskag kan verkry nadat hul duimaafdruk deur die skanderingstoestel geskandeer is, en<ul style="list-style-type: none">Observeer dat, wanneer hulle uitgaan, hulle vereis word om deur 'n x-straalskandeerdermasjien te stap; engaan die skerm na om te bevestig dat die masjien werk.</div> <div>2 Observeer sekuriteitspersoneel wat nagaan dat mynwerkers die biometriese toegangstelsel gebruik wanneer hulle inkom en uitgaan, en bevestig deur inspeksie dat daar slegs een toegangspunt na 'n mynskag is.</div> <div>3 Teken die besonderhede van geselekteerde mynwerkers wat geskandeer word wanneer hulle inkom of uitgaan aan en volg hierdie aktiwiteite deur na die betrokke 'inkom-en-uitgaan'-log om korrekte optekening daarvan te bevestig.</div>	
Nasiening van mynwerkers se bywoning en goedkeuring van ure gelog	<div>1 Doen navraag by die skagbestuurder van 'n geselekteerde skag oor die proses wat hy volg om die 'inkom-en-uitgaan'-logs na te sien en om onverklaarde aktiwiteite te ondersoek.</div> <div>2 Inspekteer 'n lukraakte steekproef van logs vir bewys van nasiening deur die skagbestuurder.</div> <div>3 Vir 'n steekproef van die 'totale ure gewerk'-skedule –<ul style="list-style-type: none">gaan die skedule na vir bewys van ongewone ure gewerk (soos normale ure > 45 ure of hoë oortyd) en bevestig die akkuraatheid daarvan;volg ure gewerk vir 'n steekproef mynwerkers op die skedule deur na stelselgegenereerde bywoningsverslae om die akkuraatheid daarvan te bevestig; eninspekteer die skedules vir die handtekening van die skagbestuurder as bewys dat dit nagesien is.</div>	

Kliënt: Simunye Mines Bpk	Jaareinde: 30 Junie 2020	D-103 Bladsy 1/1
Voorberei deur: L Castillo	Datum: 14 Junie 2020	
Nagesien deur:	Datum:	
Onderwerp: Ouditprosedures: Uittreksel uit aanspreeklikheid wat uit beroepsgesondheidsorg voortspruit		

Agtergrond

Simunye is in FJ2013 en FJ2015 betrek by twee klasaksie-hofsake waar prokureurs aangevoer het dat die mynwerkers wat hulle verteenwoordig, longsiektes opgedoen het terwyl hulle in Simunye se diens was.

Hierdie klasaksies is soos volg in Simunye se FJ2019 geouditeerde finansiële jaarstate openbaar:

Voorwaardelike aanspreeklikhede

Weens onsekerhede rakende die hangende eise teen die groep, kan daar tans geen betroubare raming gemaak word van die moontlike uitkoms of die tydsduur totdat die aangeleentheid gefinaliseer sal wees nie.

Gedurende die beplanningsfase van die FJ2020-udit, het bestuur die ouditspan ingelig dat die aanspreeklikheid nou waarskynlik is en 'n raming is vasgestel.

Tydens bepaling van die waarde van die aanspreeklikheid soos bereken deur 'n aktuariële deskundige, is die onderstaande veranderlikes in ag geneem:

- Verwagte uitkoms van die hofsak;
- Verwagte waarde van die voordele aan die eisers toegestaan;
- Verwagte tydsberekening van die skikking; en
- Geskatte aantal werknemers blootgestel.

Die verdiskonteringskoers is 'n risikovryekoers.

	2020 R miljoen
Aanspreeklikheid rakende beroepsgesondheidsorg	1 077,2
Rentekoste	46,4
Verandering in raming	29,7
Saldo teen jaareinde	1 153,3

Die onderstaande auditprosedures is alreeds deur die ouditspan uitgevoer:

- Optelling en kruisoptelling van alle skedules en berekeninge vanaf die kliënt verkry.
- Bedrae in die algemene grootboek is met die proefbalans ooreengestem.
- 'n Getekende bestuursverklaringsbrief is van Simunye se bestuur verkry.
- Alle notules van vergaderings is geïnspekteer vir besprekings wat met die voorwaardelike aanspreeklikheid en die gesondheidsorgaanspreeklikhede verband hou.

AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, NOVEMBER 2020

PROFESSIONELE VRAESTEL 2

Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in 'n afsonderlike antwoordboek.

DEEL I – VERLANG		Punt	
		Sub-totaal	Totaal
(a)	<p>Evalueer krities SMS se kontantvloeivooruitskattings wat voorberei is om die maatskappy se lopende-saakvermoë te assesseeer.</p> <p><i>Kommunikasievaardighede – toepaslike styl</i></p>	14	
		1	15
(b)	<p>Voer 'n verdiskonteerde kontantvloeivaardasie van Simunye se ekwiteitsbelang in SMS soos op 30 Junie 2020 uit.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik die vrye kontantvloei tot bedrywighede-metode. • Begin jou waardasie met die 'Netto verandering in kontant en kontantekwivalente'-lynitem. • Neem aan dat die vooruitskattings van inkomste, bedryfskoste en bedryfskapitaal redelik is. • Rond jou antwoord af tot die naaste miljoen rand. 	22	
			22
(c)	<p>Beskryf die aksies wat Simunye sou kon uitvoer om die groep se hoë hefboomvlakke aan te spreek.</p> <p><i>Kommunikasievaardighede – toepaslike styl</i></p>	8	
		1	9
(d)	<p>(i) Beskryf die besigheidsrisiko's wat Simunye tans in die gesig staar, soos wat dit uit die scenario blyk; en</p> <p>(ii) Verstrek 'n strategie om elk van die risiko's wat jy beskryf het, te beperk.</p> <p><i>Kommunikasievaardighede – uitleg en struktuur</i></p>	8	
		8	
		1	17
Totaal vir deel I			63

AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, NOVEMBER 2020

PROFESSIONELE VRAESTEL 2

Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in 'n afsonderlike antwoordboek.

Jy is 'n senior leerling van die span wat toegewys is aan die 2020-oudit van die finansiële jaarstate van Simunye.			
DEEL II – VERLANG		Punte	
		Sub-totaal	Totaal
(e)	Bespreek die aard, omvang en tydsberekening van die verdere ouditprosedures wat die ouditspan moet volg om voldoende, toepaslike ouditbewyse te bekom in verband met die toepaslikheid om die lopendesaak-basis van verantwoording vir die voorbereiding van Simunye se 2020 finansiële jaarstate, te gebruik.	10	10
(f)	Kritiseer, gebaseer op jou nasiening van werkspapiere J-102 en L-106, die toepaslikheid en volledigheid van die voorgestelde ouditprosedures gelys in werkspapier L-106.	15	
	<i>Kommunikasievaardighede – toepaslike styl</i>	1	16
(g)	Verstrek die bykomende substantiewe ouditprosedures wat uitgevoer moet word om voldoende en toepaslike bewyse ten opsigte van die beroepsgesondheidsorg-aanspreeklikheid in die 2020 gekonsolideerde finansiële jaarstate van Simunye, te verkry, met verwysing na werkspapier D-103.	10	
	Moenie groepouditprosedures ingevolge ISA 600 <i>Audits of Group Financial Statements (Including the Work of Component Auditors)</i> insluit nie.		
	<i>Kommunikasievaardighede – toepaslike styl</i>	1	11
Totaal vir deel II			37
TOTAAL VIR DIE VRAAG			100